Ontmoeting 5

Jesus as Kind

Kinders besef dat Jesus ook ŉ kind was, nes hulle (hierdie les kan voor Kersfees gebruik word)

Teks: Matteus 2, 13:55–56, Lukas 2
Hulpmiddels:

- Drukker, papier, gom, skêr, kleeflint
- Karton met plekname: "Bethlehem", "Egipte", "Nasaret" en "Jerusalem"
- Kaart van al die plekke waar Jesus as Kind gewoon het
- Prente vir die tydlyn van Jesus as Kind
- Kopieë van die werkkaart en prentjies vir elke kind/groep

Welkom

Skattejag: (Hierdie speletjie werk beter met ŉ groter groep en benodig voorbereiding en hulpmiddels.) Steek vooraf 4 Bybelse plekname weg vir elke groep: "Bethlehem", "Egipte", "Nasaret" en "Jerusalem". As daar heelwat groepe is, kan daar meer as een kopie van elke pleknaam versteek word per groep. Daarna kan ŉ kaart gewys word (aangeheg) sodat almal weet waar elke plek is.

Speel Aan–Aan: Verdeel die kinders in 5 groepe. Elke groep kry ŉ naam (moenie verduidelik hoekom hierdie name nie): Jakobus, Josef, Simon, Judas en Sussies. Elke keer roep jy een van die 5 name uit. Hulle is dan "aan" en moet soveel ander vang totdat ŉ nuwe groep aan die beurt kom. As jy gevang is, moet jy vries tot iemand jou kom "ontvries" deur aan jou skouer te raak.

Wyding

Sing: "Al was ek nie daar nie"

Enige ander Kersfeesliedjies

Steek daarna ŉ kers aan en raak rustig terwyl almal na die kers kyk. Bid die woorde: "Dankie Jesus, dat U hier by my is."

Woord

Vandag hoor ons van ŉ besondere "crazy Kind". Hy het op al hierdie plekke gewoon. *(Verwys weer na die plekke op die kaart van speletjie 1.)* Hy was baie spesiaal en is die heel belangrikste Kind wat ooit op aarde gebore is... Kan julle raai wie Hy is? Ja, dit is natuurlik Jesus. Kom ons onthou die storie van Jesus saam....
Hierdie gedeelte kan in groepe voltooi word en dan in die groot groep vasgelê word. Die prentjies word geplak in die oop spasies in elke storie (aangeheg). Lees en bespreek daarna weer elke storie.

Bethlehem – Jesus se geboorte (Matt 2, Lukas 1 en 2)

ŉ **Engel** het vir **Maria** vertel dat sy ŉ baba gaan kry, wat die Seun van God is en Jesus (Verlosser) genoem moet word. Sy en **Josef** (haar verloofde) is na Betlehem toe waar die **baba Jesus** in ŉ **stal** gebore is. **Herders** wat oor

hulle skape wag gehou het en **wyse manne** uit die ooste het vir Jesus kom besoek. Hulle was baie bly om die Koning en Verlosser, Jesus, te ontmoet.

Egipte – Josef, Maria en Jesus moet vlug! (Matt 2)

Herodes was koning van daardie deel van die land en hy was baie kwaad en ontsteld dat daar 'n baba gebore is wat ook Koning genoem is. Hy wou Hom **doodmaak** (swaard), maar 'n **engel** het vir **Josef** gewaarsku, en hy en **Maria** het die Kindjie Jesus geneem en op 'n **donkie** gevlug na Egipte toe, waar hulle gebly het tot die engel vir hulle gesê het dat dit weer veilig was vir hulle om terug te keer.

Jesus bly saam met sy familie in Nasaret (Matt 2, Matt 13:55–56)

Toe hulle teruggekom het in hulle eie land, Israel, het hulle in Nasaret gebly. Jesus se pa op aarde, **Josef**, was 'n **skrynwerker** of timmerman. 'n Skrynwerker is iemand wat met hout **meubels** en ander dinge gemaak het. **Jesus** het moontlik baie van houtwerk by Josef geleer. Jesus het ook nog **boeties en sussies** gehad. Ons weet wat 4 van die broers se name was: Jakobus, Josef, Simon en Judas.

Jesus in Jerusalem (Lukas 2)

Jesus se ouers, **Maria en Josef**, het elke jaar vir die Paasfees na Jerusalem gegaan. Een jaar, toe Jesus **12** jaar oud was, het hy weggeraak en kon sy ouers hom nie kry tussen die **baie mense** wat saam teruggereis het nie. Hulle het uiteindelik na 3 dae vir Jesus in die **tempel** gekry waar hy by **mense** was wat baie slim was. Hy het na hulle geluister en met hulle gesels. Hulle was baie verbaas oor sy insig en antwoorde en hoeveel Hy van God geweet het. Jesus se ma het alles onthou en sy het oor al hierdie dinge bly nadink.

"Jesus het groot geword en nog meer wysheid gekry. God en die mense was lief vir Hom." (Lukas 2: 52 – Die Bybel vir Almal)

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink :

1. Ek wonder van watter deel van Jesus se verhaal as Kind hou jy die meeste: sy geboorte in Bethlehem, sy vlug na Egipte, sy bly saam met sy gesin in Nasaret of sy besoek aan die tempel in Jerusalem.
2. Ek wonder hoekom Jesus as 'n Kind gebore is.
3. Ek wonder hoe dit jou laat voel as jy daaraan dink dat Jesus ook 'n kind soos jy was.
4. Ek wonder of Jesus anders was as gewone kinders.
5. Ek wonder wat jy nou vir Jesus wil sê of vra.

Werskaf

- Soek watter items in die prent nie "pas" nie.
- Maak 'n wasgoedlyn "tydlyn" van Jesus as Kind – elkeen kry een prent om in te kleur.
- Hierdie verhale kan ook met 'n sandboks uitgespeel word.

Sluit af met die seënbede

Antwoorde van items in die prent wat nie "pas" nie:

Soek 7 items wat nie pas in hierdie prent van Jesus as Kind nie:



Jesus as Kind

'n [ ] het vir [ ] vertel dat sy 'n baba gaan kry, wat die Seun van God is en Jesus (Verlosser) genoem moet word. Sy en [ ] (haar verloofde) is na Betlehem toe waar die [ ] in 'n [ ] gebore is. [ ] wat oor hulle skape wag gehou het en [ ] uit die ooste het vir Jesus kom besoek. Hulle was baie bly om die Koning en Verlosser, Jesus, te ontmoet.

[ ] was koning van daardie deel van die land en hy was baie kwaad en ontsteld dat daar 'n baba gebore is wat ook Koning genoem is. Hy wou Hom [ ] maar 'n [ ] het vir [ ] gewaarsku, en hy en [ ] het die Kindjie Jesus geneem en op 'n [ ] gevlug na Egipte toe, waar hulle gebly het tot die engel vir hulle gesê het dat dit weer veilig was vir hulle om terug te keer.

Toe hulle teruggekom het in hulle eie land, Israel, het hulle in Nasaret gebly. Jesus se pa op aarde, [ ], was 'n [ ] of timmerman. 'n Skrynwerker is iemand wat met hout [ ] en ander dinge gemaak het. [ ] het moontlik baie van houtwerk by Josef geleer. Jesus het ook nog [ ] gehad. Ons weet wat 4 van die broers se name was: Jakobus, Josef, Simon en Judas.

Jesus se ouers, [ ], het elke jaar vir die Paasfees na Jerusalem gegaan. Een jaar, toe Jesus [ ] jaar oud was, het hy weggeraak en kon sy ouers hom nie kry tussen die [ ] wat saam teruggereis het nie. Hulle het uiteindelik na 3 dae vir Jesus in die [ ] gekry waar hy by [ ] was wat baie slim was. Hy het na hulle geluister en met hulle gesels. Hulle was baie verbaas oor sy insig en antwoorde en hoeveel Hy van God geweet het. Jesus se ma het alles onthou en sy het oor al hierdie dinge bly nadink.

"Jesus het groot geword en nog meer wysheid gekry. God en die mense was lief vir Hom."

(Lukas 2: 52 - Die Bybel vir Almal)


See van Galilea
Nasaret
Middellandse See
Jordaanrivier
Jerusalem
Betlehem
Dooie See
Nylrivier
Egipte
Rooi See